higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

PUBLIEKE ADMINISTRASIE N6

(21010066)

22 September 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

091Q1B2022

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
PUBLIEKE ADMINISTRASIE N6
TYD: 3 HOURS
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1.1 Die staat se regsadviseurs gee regsadvies aan verskillende winkels in Suid-Afrika.

1.1.2 Lede van die weermag dra uniforms vir beskerming.

1.1.3 Programmeerbare besluite word op aannames gebaseer.

1.1.4 Stroombelynde werkprosedures kan produktiwiteit verhoog.

1.1.5 Die premier is verantwoordelik teenoor die provinsiale wetgewende gesag.

1.1.6 'n Openbare bestuurder verbeter die welstand van burgers.

1.1.7 Ouditering handel oor die wettige korrektheid van transaksies.

1.1.8 As daar 'n konflik tussen nasionale wetgewing en 'n verordening is, is die nasionale wetgewing ongeldig.

(8 × 1) (8)

Kopiereg voorbehou

1.2 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n item/woord/beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Om 'n stophorlosie te gebruik om werkers se prestasie akkuraat te bepaal	A	openbare werke
1.2.2	Stel verordeninge op	B	privaat bestuur
1.2.3	Bevorder die regering se beeld	C	lineêre tegnieke
1.2.4	Skik verskille in 'n dispuut situasie	D	presiese tegnieke
1.2.5	Onderneem die konstruksie en instandhouding van openbare geboue	E	transaksiedokumente
1.2.6	Oordrag van ekonomiese aktiwiteite van private eienaarskap na staatseienaarskap	F	openbare betrekkinge
1.2.7	Korttermynrekords	G	munisipale raad
1.2.8	Kom bepalings van wet na	H	onderhandelinge
		I	openbare bestuurders
		J	provinsiale wetgewende gesag
		K	nasionalisering

(8 × 1) (8)

1.3 Definieer *beheer.* (2)

1.4 Verduidelik *besluitnemingsboom*. (2)

1.5 Noem DRIE dinge wat gedoen moet word voordat 'n besluit geneem word. (3)

1.6 Gee DRIE voorbeelde van lynfunksies wat deur administratiewe uitvoerende instellings uitgevoer word. (3)

1.7 Bespreek gesondheidsdienste as 'n lynfunksie wat deur die regering uitgevoer word. (4 × 2) (8)

1.8 Verduidelik DRIE identifiseerbare aksies wat deur openbare bestuurders uitgevoer word. (6)

[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae.

AD HOC KOMITEE-ONDERSOEK NA INGRYPING IN NOORDWES PROVINSIE

Die ad hoc komitee wat ondersoek doen na die ingryping in die Noordwes Provinsiale regering ingevolge Artikel 100 van die Grondwet het gesê hy is ingenome dat al die provinsiale afdelings wat aanbiedings aan die komitee gemaak het die ingryping verwelkom het.

Die komitee het ook beklemtoon dat dit belangrik is dat die provinsie 'n aksieplan opstel om die bevindings van die ouditeur-generaal aan te pak om die provinsie met sy omkeerstrategie te help. Die komitee is deur die Nasionale Tesourie, die ouditeur-generaal, die premier van Noordwes en die LUR'e van die ses afdelings onder administrasie oor die fiskale posisie, beheer en finansiële bestuur van die provinsie ingelig.

Die komitee het sy skok uitgespreek oor die wyse waarop openbare finansies in Noordwes hanteer is. Lede van die komitee het hul ontevredenheid uitgespreek dat die premier gesentraliseerde dienste laat uitvoer het wat deur die provinsiale departement of plaaslike regering en ander provinsiale departemente uitgevoer moes word. Dit het daartoe gelei dat die kantoor van die premier 'n implementeringsagent was in plaas daarvan om provinsiale regerings te moniteer en evalueer.

Die komitee het oor die gebrek aan gevolgbestuur vir onreëlmatige, vrugtelose en verkwistende uitgawes betreur, veral in die vyf departemente ingevolge die Artikel 100 (1) (b) ingryping.

[Aangepas uit: *www.parliament.gov.za*]

VRAAG 2

2.1 Verduidelik wat 'n *ad hoc komitee* is. (2)

2.2 Noem VYF aspekte wat die ouditeur-generaal kontroleer wanneer hy openbare instellings ouditeer. (5 × 2) (10)

2.3 Bespreek die nasionale toesighouding van Noordwes. (5 × 2) (10)

2.4 Die komitee het sy ontevredenheid uitgespreek dat die premier gesentraliseerde dienste gebruik het wat deur die plaaslike regerings uitgevoer moes word.

Noem VYF maniere waarop Noordwes die kapasiteit van munisipaliteite onder sy beheer kan bou. (5 × 2) (10)

2.5 Koerante en televisiekanale het die gebeure in Noordwes gedek soos dit ontvou het.

Bespreek die verantwoordbaarheid van die nuusmedia. (4 × 2) (8)

[40]

VRAAG 3

3.1 Die ad hoc komitee het tot die gevolgtrekking gekom dat 'n swak bestuurstyl en gebrek aan verantwoordbaarheid die meeste van die probleme in die administrasie van Noordwes veroorsaak het.

3.1.1 Bespreek kortliks DRIE bestuurstyle. (3 × 4) (12)

3.1.2 Noem VIER take van 'n openbare bestuurder om die funksies wat 'n departement in staat stel om sy doelwitte te bepaal en te bereik. (4 × 2) (8)

3.1.3 Vergaderings is gehou om die oorsaak van die probleme in Noordwes vas te stel.

Bespreek kortliks hoe vergaderings as 'n instrumentele funksie behartig word. (3 × 2) (6)

3.2 Bespreek verantwoordbaarheid deur die wetgewende gesag onder elk van die volgende artikels wat in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika verskans word:

3.2.1 Artikel 89

3.2.2 Artikel 92

3.2.3 Artikel 133

(3 × 2) (6)

3.3 Noem VIER redes om beheer oor uitvoerende instellings uit te oefen. (4 × 2) (8)

[40]

VRAAG 4

4.1 As 'n maatreël om probleme in die Noordwes provinsiale regering op te los, moet die regering behoorlike opleiding aan amptenare aanbied oor die prosedures wat nodig is om hulle take doeltreffend uit te voer.

4.1.1 Wat is 'n *werkprosedure?* (1)

4.1.2 Noem TWEE tipes werkprosedures. (2 × 2) (4)

4.1.3 Gee TIEN redes waarom skriftelike prosedures belangrik is. (20)

4.1.4 Noem VYF groepe wat verantwoordelik is om nuwe prosedures en metodes te ontwikkel en hersien. (5)

Kopiereg voorbehou

4.2 Dit is 'n munisipaliteit se plig om die gemeenskap ingelig te hou oor hulle aktiwiteite en probleme waarmee hulle te doen kry.

4.2.1 Verduidelik waarom 'n munisipaliteit die gemeenskap oor sy aktiwiteite moet inlig. (4 × 2) (8)

4.2.2 Watter amptelike medium hou die land ingelig oor aktiwiteite wat in openbare instellings plaasvind? (2)
[40]

VRAAG 5

5.1 Noordwes mag sekere werkprosedures aan munisipaliteite onder hulle jurisdiksie voorskryf.

5.1.1 Bespreek die verhouding tussen Noordwes en sy plaaslike munisipaliteite. (5 × 2) (10)

5.1.2 Verduidelik waarom dit vir Noordwes nodig is om by sy plaaslike munisipaliteite se sake in te gryp. (4 × 2) (8)

5.2 Watter rol sal die openbare beskermer speel as sy oor die Noordwes-saak moes oordeel? (2)

5.3 Identifiseer SES persoonlike eienskappe wat bestuurders moet hê om Noordwes se doelwitte te bereik. (6 × 2) (12)

5.4 Sommige werknemers was daarteen gekant dat departemente onder administrasie geplaas word selfs al was daar probleme in Noordwes.

Noem VIER redes waarom werknemers verandering in openbare instellings teenstaan. (4 × 2) (8)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou